~~Ps. 51: 1, 2.~~
~~Ges. 116: 1, 4, 6~~
" 76: ~~1-4~~ 1, 3. Ges. 117: 1, 9.
Ges. 75: 1.

# Op die Dorsvloer v.d. Lewe. L.

Luk. 22: 24-34
(Hoekendyk).

Pr-Oos 28 Mrt 54
Olif.^n 4 Apr 54.
Potch. 17 Mrt 56
A/Kp 13 Mrt 56

Luk. 22: 31-32 - En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie mag ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.

In 'n boek wat ons almal ken word vir ons vertel dat toe d. engele („d. seuns van God") op 'n goeie dag voor d. troon van God vergader was, d. Satan ook onder hulle gekom het. D/op vra d. Here aan Satan of hy ag gegee het op Job: niemand in dd. dae so vroom soos Hy nie.

Spottend antw. Satan toe: „Is dit verniet dat Job God vrees? Het U nie self hom en sy huis en alles wat hy het aan alle kante rondom beskut nie? Die werk van sy hande het U geseën, en sy vee het sterk vermeerder in die land. Maar steek net u hand uit en tas alles aan wat hy het — waarlik, hy sal U in u aangesig seën!"

Watter gemene voorstel van Satan - voorstel aan 'n vader om sy kind baie leed aan te doen en alles aan te tas wat hy besit.

En d. wonderlikste van alles is dat God d. Vader instem m. hd. voorstel - om Job sy vrome, godvresende, beminde kind alles te ontneem: Kinders, vee, knegte, gesondheid, alles! Ja - en God laat nog verder toe dat Job se vrou hom uitlag & hom tart om die rug op God te keer.

O Job - hoe kan jy dit alles dra?

O God - hoe kan u so iets toelaat?

Die gesk. gee ons d. antwd: God wou met Job iets groots bereik - kon dit alleen bereik

langs d. weg v.d. smeltkroes, van sifting & suiwering. So het h.d. bitter beproewing vir Job 'n onuitspreeklike seën geword. // Dorsvloer Genadendal — Iets dergeliks laat God ook toe om met Petrus te gebeur. Toneel: Jesus verlaat d. oppersaal; op pad na Gethsemané met al sy benoudheid. „My siel is diep bedroef tot die dood toe". droefheid om eie smart, maar ook om sy dissipels — Petrus. / Xtus het vooruit geweet en vooruit gesien wat met Petrus sou gebeur: hoedat Satan besig was om op hom aan te skiet nie om hom te suiwer nie, maar om hom te sif. Xtus Petrus daar sien staan op d. dorsvloer v.d. lewe met Satan gevaarlik naby, gereed om enige oomblik toe te slaan.

Dan kom Hy na Petrus (vs. 31-32) —

I 'n Ernstige Waarskuwing: „Simon, Simon!"

Altyd wen ons so 'n herhaling van dies. wd. uit d. mond van ons Meester hoor, is dit 'n bewys van besondere erns in sy hart. Hoeveel reeds het Xtus d. gevaar gesien — geweet presies op watter punt v.d. linie Satan vir Petrus sou aanval. Dan waarsku Hy Petrus: want 'n gewaarskude man is 'n gewapende man! Hy kom na Simon & sê:

a) Simon, Satan spits alles daarop toe om jou tot 'n val te bring. Jy is begeerlike buit — jou ondergang beteken vir hom 'n groot triomf! „Vurig begeer". Is dit nie waar dat Satan beslis met groter erns hom toespits om sekere mense tot 'n val te bring as teen ander; 2) hulle in stud. lewe, (Kantoor) aantr. persoonlikhede, ens.

b) Simon, dis Satan wat agter die versoeking sit: nie d. diensmeisie — ook nie d. soldate; hulle is net d. handlangers. Maar d. eintlike Sleutelpersoon is Satan (sif 17) en hy soek jou val!

→ Agter elke versoeking sit Satan — en hy soek ons val. Baiekeer is sy vermomming so perfek dat dit vir ons as d. onskuldigste saak voorkom; of hy gee vir ons d. voorbeeld van ons omgewing & sê: Al d. ander doen dit — waarom nie jy nie? Of hy laat ons hoog presteer & maak ons dan hoogmoedig & trots; hy oorlaai ons met werk of met kommernis sodat ons geen tyd of lus het vir gebed nie;

Hy sal alles gebruik om ons te sif soos d. koring & ons te laat wegwaai soos d. kaf! Gedenk, by elke so 'n versoeking is daar 'n Meester, 'n Heiland wat vooruit weet, waak, en waarsku!

II 'n Wonderlike Bemoediging:

a) „Ek het vir jou gebid". Temidde van al sy baie werk, sy vol program, sy veeleisende taak het Xtus vir Petrus gebid. Dit het Petrus nie geweet nie. Hy kon nie verstaan waarom d. Heiland hom so telkemale afsonder vir gebed nie — hy het allermins kon dink dat dit t.o.v. hom was. → Watter wonderlike, gerusstellende gedagte dat temidde van al Satan se slinkse planne, sy aanstormende magte is daar 'n Heiland wat weet, wat waak, wat bid! Hy sien die gevare. Hy weet van al d. vangplekke & slaggate. Bly ons voorbidder i/d hemel.

b) „Dat jou geloof nie mag ophou nie"

Xtus se gebed P. nie staande gehou i/d versoeking nie, omdat hyself nie gewaak het nie. Gevolg: Kom tot 'n drievoudige verloëning, 'n diepe val.

Hy kom tot 'n val, maar nie tot verval - ~~omdat~~
Sy geloof word ernstig geskud, swaar getoets -
m. die gebed v. Xtus dra Hom deur. Na die
donker Doodsdag - die helder ligtende Sondag!
-> Antw. op vr: w/om ons in versoekings val.

III 'n Heerlike Taak. „En as jy eendag bekeerd is,
moet jy jou broeders versterk"
a) Is dit moontlik dat Petrus al d. jare saam
m. Xtus kon wees, en alles kon deel, d. krag-
dadige invloed van sy persoonlikhd saam onder-
vind - en tog nog nie bekeerd saam wees nie?
Dit is presies wat Xtus hier bemeer: dat
Petrus nog nie 'n hartgrondige vernuwing
van hart v. lewe ondergaan het nie - en
dat hd. pynlike val nodig was om
hom tot hp en tot God te bring!
-> So met ons: ons jare lees ons Bybel, be-
soek Gods Huis, leef m. Xtus baie naby aan
x tog nie in ons hart. Dan soms 'n geweldige skok, 'n ~~diep~~ ernstige sondeval nodig om ons
wakker te skud uit ons blindhd, eiegeregtighd.
ons eiewaan! Ook in dd. val sien ons Gods
liefde!
b) „Jou broeders versterk" Petrus se gawes van
leierskap, ens. Sy bereidheid om in nederighd
te getuig!